191. T.4.1(4)

# HENDRIK VERWOERD-NAVORSINGSBEURS, 1981

Die Raad van Trustees van die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs-Trust het besluit dat sy beurs vir 1981 toegeken word aan dr. N.J. Visagie. Dr. Visagie, wat in Johannesburg gebore is en dáár gematrikuleer het, het die MB ChB aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Daarna het hy enige jare in private praktyk in Kempton Park gestaan, en vervolgens sy nagraadse studie vir die M Med suksesvol aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat afgelê. Hy het deur middel van voordrag en publikasie~~s~~ reeds oortuigende bewys gelewer van belangstelling in en aanleg vir oorspronklike geneeskundige navorsing, en was dus 'n baie geskikte kandidaat vir die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs.

Die navorsings~~beurs~~werk waaraan dr. Visagie hom wy, het te doen met pasiënte met respiratoriese siektes. Vir Suid-Afrika is dit van kardinale belang, nie net vir blankes nie, maar veral ook vir die swart bevolking, wat baie aan hierdie siektes ly. Daar word verwag dat dr. Visagie 'n wesenlike bydrae op die terrein van sy ondersoek sal lewer.

Die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs bedra R1 500 en word vir een jaar toegeken. Dit is bedoel om aan gekwalifiseerde geneeshere ondersteuning vir gevorderde navorsing, wat veral vir Suid-Afrika van waarde kan wees, te verleen.

Wyle dr. Verwoerd het die instelling van die beurs moontlik gemaak toe hy die geldelike deel van die Hendrik Verwoerd-toekenning (R10 000), wat in 1966 aan hom aangebied is, nie vir homself wou aanvaar nie, maar versoek het dat dit gebruik word om 'n genees-

kundige of tandheelkundige beurs in die lewe te roep.

In die verlede is die beurs al verskeie kere toegeken: soos hierdie keer, aan kandidate van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat; en ook aan jong geneeshere van die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch.

H. B. Thom.
..................

VOORSITTER: HENDRIK VERWOERD-NAVORSINGSBEURS-TRUST

Stellenbosch

14 November 1980

HBT/mm